

6 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 2:1-11
FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 2:6-7**

Hanna se lofsang aan die Here: 'n Lied van vernedering en verhoging

Hanna se lewe is gekenmerk deur skerp teëstellings. Hanna was verneder (deur Eli en Peninna) en verhoog (deur die Here wat aan haar 'n seuntjie gegee het). Sy was kinderloos en tog het sy uiteindelik 'n moeder van vele geword. Sy het benewens Samuel nog drie seuns en twee dogters gehad (vgl. 2:21).

Haar loflied wat sy tot eer van die Here sing, bring dieselfde teëstellings na vore (vs. 6-7): "Die Here maak dood en Hy maak lewend. Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom. Die Here maak arm en Hy maak ryk, Hy verneder, ook gee Hy aansien." In haar lofsang, ook 'n gebed genoem, gee sy uiting aan dit wat sy in haar lewe ervaar het.

Moenie wegsink in selfbejammering wanneer die golwe van die lewe oor jou breek en moenie op jouself vertrou wanneer jy nie antwoorde op al die vrae het nie. Gaan na die Here toe met alles, hoe groot of hoe klein ook al, en bid tot Hom. Gee alles in sy hande oor en vertrou op Hom. Plaas die Here in die middelpunt van jou lewe. Hy verneder en Hy verhoog. Hy slaan jou neer, maar Hy tel jou weer op. Hy gee die swaarkry en die sieleworsteling, maar Hy gee weer blydschap en vreugde.

Hy is in beheer van jou hele lewe. Hy kan alles verander. Hy sal weer koers en rigting gee as jy nie herwaarts of derwaarts weet nie. Hy kan harte verander. Hou vas aan die Here en glo dat Hy tot alles in staat is.

Mag jou lewe ook 'n lied tot eer van die Here wees!

Sing: Psalm 139:1, 12 (Totius)

Ds Pieter van der Walt (Bethlehem)